**Hersieningoefening (Hoofstuk 5)**

**1. Lees die onderstaande artikel en beantwoord die begripsvrae wat daarop volg:**

***DANS, SING EN TONEELSPEEL JOU PAD OOP***

Alles het by een meisie se droom begin om haar gemeenskap te help. Sasha-Lee Lindt het op Cedar Creek grootgeword. Op sestienjarige ouderdom moes sy sien hoe sekere van haar vriendinne swanger word, hoe haar nefie by ŉ bende aansluit en hoe baie jongmense onder groepsdruk vou. Sy kon nie verstaan hoekom so baie mense sulke verkeerde besluite neem nie. Sy kon ook nie verstaan hoekom mense kinders het as hulle nie vir hulle kan sorg en die beste gee nie. Toe Sasha-Lee matriek klaargemaak het, was daar nie vir haar geld om te gaan studeer nie. Sy het toe in die aande as kelnerin begin werk en ŉ dramaskool begin. Sy het bedags dramaklasse by Cedar Creek Sekondêr aangebied en na skool vir groepe dans- en sanglesse gegee. Vandag, vyf jaar later, is haar dramaskool ŉ groot sukses. Leerders van die gemeenskap neem aan konserte deel, bou selfvertroue en leer nuwe vaardighede. Sasha-Lee leer haar studente dat ŉ goeie werksetiek en goeie morele waardes die enigste manier is om jou drome te bereik.

1.1 Hoekom het Sasha-Lee die dramaskool begin? (1)
1.2 Watter probleme het sy in haar gemeenskap gesien? Gee drie probleme in een volsin. (3)
1.3 Waar of Onwaar? Motiveer jou antwoord deur aan te haal
*"Sasha-Lee het universiteit toe gegaan."* (2)
1.4 Watter voordele is daar om by die dramaskool aan te sluit? (3)
1.5 Hoe dink jy kan ŉ mens jou drome bereik. (2)

**2. Skryf die onderstaande deelwoorde in die korrekte vorm**
2.1 Sasha-Lee gooi die *(breek)* bord in die asblik. (1)
2.2 Die sop is *(kook)* warm. (1)
2.3 Ek gaan die vakansie ons *(voorskryf)* boek lees. (1)

**3. Voltooi die onderstaande sinne met behulp van die infinitief**
3.1 Daniel oefen vir die konsert. *Begin so: Daniel behoort ...* (1)
3.2 Sasha-Lee help skoliere. *Begin so: Sasha-Lee probee r...* (1)
3.3 Studente speel toneel. *Begin so: Studente geniet dit ...* (1)

**4. Gebruik die onderstaande homoniem in ŉ ander sin met ŉ nuwe betekenis**
4.1 Die skoolklok *lui*. (1)
4.2 Die Kaapse *weer* is koud en nat in die winter. (1)

**5. Kies die korrekte homofoon tussen hakies**
5.1 My skooltas is baie *(swaar/swaer)*. (1)
5.2 Die *(haal/hael)* slaan die venster stukkend. (1)

**6. Ontwerp ŉ plakkaat om Sasha-Lee se dramaskool te adverteer.** (20)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Memorandum van die hersieningsoefening**

**1. Lees die onderstaande artikel en beantwoord die begripsvrae wat daarop volg:**

1.1 Sy wou haar gemeenskap help (1)
1.2 Sekere van haar vriendinne het swanger geword, haar nefie het by 'n bende aangesluit en baie jongmense het onder groepsdruk gevou. (3)
1.3 Onwaar. "Toe Sasha-Lee matriek klaargemaak het, was daar nie vir haar geld om te gaan studeer nie." (2)
1.4 Jy neem aan konserte deel, bou selfvertroue en leer nuwe vaardighede. (3)
1.5 Eie mening. Byvoorbeeld: Jy moet doelwitte vir jouself stel en wegbly van verkeerde vriende. (2)

**2. Skryf die onderstaande deelwoorde in die korrekte vorm**
2.1 Sasha-lee gooi die **GEBREEKTE** bord in die asblik. (1)
2.2 Die sop is **KOKEND** warm. (1)
2.3 Ek gaan die vakansie ons **VOORGESKREWE** boek lees. (1)

**3. Voltooi die onderstaande sinne met behulp van die infinitief**
3.1 Daniel oefen vir die konsert.
Daniel behoort **vir die konsert te oefen.** (1)
3.2 Sasha-Lee help skoliere.
Sasha-Lee probeer **om skoliere te help.** (1)
3.3 Studente speel toneel.
Studente geniet dit **om toneel te speel.** (1)

**4. Gebruik die onderstaande homoniem in 'n ander sin met 'n nuwe betekenis**
4.1 Die skoolklok *lui*.
**Mense wat *lui* is, kry niks gedoen nie.**
4.2 Die Kaapse *weer* is koud en nat in die winter.
**Ek gaan *weer* probeer om Wiskunde te slaag.**

**5. Kies die korrekte homofoon tussen hakies**
5.1 My skooltas is baie *(***swaar***/swaer)*. (1) [Swaer = *brother in law*]
5.2 Die *(haal/***hael***)* slaan die venster stukkend. (1) [haal = *fetch*]

**6. Ontwerp 'n plakkaat om Sasha-Lee se dramaskool te adverteer. (20)**
Gebruik 'n gepaste rubriek om die plakkaat te assesseer.